# Hoofstuk van die dag: Job 9

> *Wat Hy doen, is groot en ondeurgrondelik, wonder op wonder. (vers 10)*

In dié hoofstuk hoor ons in watter warboel Job se gedagtes is. Enersyds staan Hy in verwondering voor God se almag (vers 10); andersyds beleef hy dit dat God sy vyand geword het met wie hy nie kan redeneer nie, of by wie hy nie dink hy ’n antwoord

gaan kry op sy vrae nie. Dit help nie eers om te probeer om sy houding te verander nie; sy lot is klaar beslis (vers 22, 29). Só verpletter is hy oor wat met hom gebeur het, dat hy nie meer dink God sal hoor as hy bid nie (vers 16). Dit is ’n ervaring wat baie mense het wat deur ’n diep krisis worstel – dat God skynbaar afwesig is in hulle nood. Dat God stom geword het en nie antwoord nie. Dit voel dan of jy tussen vier mure vasgekeer is, sonder enige uitsig of uitkoms. As jy dáár is, maak niks meer sin nie en val al jou ou sekerhede weg. God word ’n vreemde God, onverstaanbaar en onvoorspelbaar.
As jy daar is, moenie ophou om met God te praat nie. Hy is nie regtig weg soos dit vir jou voel nie – lees Ps 42!


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026